

Dagbreek Reëls & Inligting

Motivering

Die reëls gee 'n uiteensetting van die beheer en die bestuur van Dagbreek. Daar is tans Kleinfontein reëls wat van toepassing is in Dagbreek, wat gevolg moet word.

Wie is betrokke?

Elke inwoner wat in Dagbreek woon is verantwoordelik vir Dagbreek netheid.

Komitee

Die komitee van Dagbreek bestaan uit 'n voorsiter en dan drie bykomende lede. Die Komitee het geen uitvoerende gesag nie. Uitvoering is gesetel in die bestuur van KBK alleen, wat dan aan die voorsitter van die komitee opdrag gee.

Besoekers/Gaste

Al die reëls van Dagbreek geld vir gaste en besoekers aan Dagbreek. Dit is die huurder se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle besoekers en ander persone alle reëls gehoorsaam en nakom. Alle gaste wat langer as 24 uur kuier moet dan toestemming verkry van die wyksvertegenwoordiger. Die gaste moet ook by Sekerheid aanmeld en 'n tydelike verblyfpermit vir die tydperk bekom. Geen komitee lid kan toestemming gee vir verblyf nie.

Voertuie

Daar is parkeer areas toegeken vir die parkering van die huurders se voertuie

Rommel

Die huurder van 'n wooneenheid mag geen rommel in Dagbreek stort nie. Om netheid te verseker in Dagbreek, word u versoek om self u eie rommel op te tel. Daar is punte waar swartsakke geplaas moet word. Vullis word verwyder elke Maandag en Vrydag maak seker u sakke is vroeg uitgesit. Geen swartsakke mag op die punte gesit word op ander dae nie.

Grond

Elke huurder het sy erf wat uitgepen is. Elke huurder is verantwoordelik om sy erf skoon te hou te alle tye binne en buite. Geen stukkende voertuie word toegelaat nie.

Alle alterasies (aanbouings) moet goedgekeur word deur KBK boukantoor. Geen verbeterings sal toegelaat word sonder skriftlike toestemming nie.

Bure

Elke inwoner van Dagbreek is geregtig op sy/haar privaatheid.

Elke persoon moet sy bure respekteer

As enige persoon kwaadpraat van bure of enige inwoner van Dagbreek gaan die betrokke persone die gevolge dra. Dit kan lei tot 'n klagte by die Heemraad.

Komiteelid

Die doel van komitee lid is die volgende

1. Om toe te sien dat die reëls nagekom word.
2. Dat probleme aangespreek en hanteer word.
3. Insidente gerapporteer word.

'n Komiteelid het nie besluitnemings magte nie. Hy/Sy kan slegs met 'n voorstel kom.

'n Komitee lid word verkies deur die lede van die wyk.

Diere

Alle vroulike diere moet gesteriliseer wees, katte moet 'n klokkie dra en indien daar met 'n hond gestap word, moet hulle aan 'n leiband wees. Diere moet in 'n omheinde perseel gehou word, en nie steurend wees vir die bure en inwoners in die omgewing nie.

Algemene gedrag

Alle huurders is verantwoordelik om medebewoners van Dagbreek te respekteer, geraas moet beperk word. Die reëls geld vir besoekers en kinders. Stilte na 22:00-6:00 Maandae tot Saterdag. Geen harde musiek of geraas op Sondag en Christelike vakansie dae nie. Vooraf toestemming vir partytjies moet verkry word en dan nie later as vasgestelde tye nie.

Geen krutaal – skinder- baklei

Geen drank- en dwelmmisbruik

Verbreking van reëls kan lei tot die opheffing van u voorreg om op Kleinfontein te woon en werk.

Waarskuwings

Elke inwoner van Dagbreek ontvang die goedgekeurde reëls, en verbind hom/haar om streng daarby te hou.

Indien die reëls nie nagekom word nie, is die proses as volg

Waarskuwing 1

Is geldig vir 12 maande

Finale waarskuwing

Finale waarskuwing aan 'n persoon wat waarskuwing 1 oortree en nie sy/haar samewerking gee nie word hy/sy kennis gegee om Kleinfontein te verlaat binne 'n tydperk van 7 dae. Indien dwelms, drank of wangedrag kan die SAPD gekry word om die persoon van die perseël te verwyder.

Met elke kennisgewing ontvang u 'n stel reëls waarvoor u ontvangs erken en onderneem u om daarby te hou. Indien u nie daarby hou nie stem u toe dat u, u reg tot verblyf verbeur.

Alle reëls is vantoepassing op al die lede van u huishouding.

Hiermee erken ek _____ dat ek die reëls verstaan en ontvang het op die _____ te Kleinfontein

Handtekening

Getuie